REFORMASIE 500 *(Artikel 8)*:

Geld vir jou sonde …

"Goeie dade maak nie van jou 'n goeie mens nie, maar 'n goeie mens doen goeie dade!"

Hierdie stelling van Luther is een van vele wat hom direk in stryd met die kerk gebring het. **Hy het dit veral teen die verkoop van aflaatbriewe gehad.** Op 24 Februarie 1517 het Luther die aflaatstelsel in 'n preek veroordeel. Volgens hom het die stelsel mense aangemoedig om sonde te doen en hulle daarvan weerhou om God regtig as 'n genadige Verlosser te leer ken.

Die aflaatstelsel was gebaseer op goeie werke wat uit vrees en pligsbesef gedoen is. Volgens die leerstellinge van die Middeleeuse Katolieke kerk het Christus, Maria en die heiliges sonder sonde geleef en gesterf. Hulle het ook 'n groot aantal goeie werke gedoen wat in die hemel bewaar is.

Omdat gewone mense aan die einde van hulle lewe meer sonde as goeie werke gehad het, moes hulle 'n boete daarvoor betaal. **Hierdie betaling is gemaak deur 'n bepaalde tyd in die vagevuur deur te bring. Wanneer die tyd verstryk het, is 'n sondaar tot die hemel toegelaat**.

Familie en vriende kon aflaatbriewe koop om 'n persoon se tyd in die vagevuur korter te maak. Lidmate kon ook terwyl hulle nog geleef het, aflaatbriewe koop wat dan van die goeie dade wat in die hemel bewaar word na hulle lewe as krediet oorgedra sou word.

Luther het die stelsel nie net in die prediking aangeval nie. Volgens tradisie het hy op 31 Oktober 1517 sy standpunt in 95 stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker.

Twee sake het hom gemotiveer: Eerstens het Tetzel, 'n Dominikaanse monnik aflaatbriewe in die omgewing van Wittenberg begin verkoop. Sy bemarkingstrategie het bestaan uit 'n reuse-vuur wat op die dorpsplein gemaak is. Inwoners van die dorp is dan vertel dat 'n soortgelyke vuur, net veel warmer, op almal wag indien hulle nie aflaatbriewe sou koop nie.

Besigheid het gewoonlik goed verloop en die kerk het enorme bedrae geld uit die vrees van mense ingesamel. **Daar is vas geglo dat wanneer 'n muntstuk in die geldkis val, 'n siel uit die vagevuur sou spring!"** Die geld is vir die bou van die Basilika in Rome ingesamel waar die "bene van Petrus, Paulus en ander heiliges" in haglike omstandighede bewaar is.

Tweedens was Luther bekommerd oor die pastorale gevolge wat die verkoop van die briewe ingehou het.

Na Luther se ontmoeting met die genadige God van Romeine 1 kon hierdie bedrog nie langer voortgaan nie. Met sy 95 stellinge sou hy sy lewe op die spel plaas om dit stop te sit.

Geskryf deur Prof Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria vir e-Kerkbode).

NG Kerk Rietfontein-Suid
Ons Gee Om

Die Rietfluit

JAARTEMA:
Sáám gee ons om!

November 2017

Iemand glo in jou!

Op 14 April 1865 is die Amerikaanse president Abraham Lincoln vermoor. In 'n glaskas in die Smithsonian-museum word die besittings wat Lincoln by hom gehad het toe hy vermoor is, uitgestal.

Dit is 'n sakdoek met die woorde "A Lincoln", 'n pen, 'n brilhouer, 'n $5 noot, en 'n opgevoude koerant-uitknipsel met die opskrif*: Abe Lincoln die is een van die merkwaardigste staatmanne wat nog ooit geleef het*. Dan volg daar 'n lys met alles wat hy bereik het.

Waarom sou Lincoln hierdie artikel saam met hom dra? Sy vrou het lig hierop gewerp toe sy vertel dat hy dit altyd by hom gedra het want in sy loopbaan was daar geweldig baie kritiek, beledigings en teenstand van sommige mense teenoor hom. Dit was dan in sulke tye wat hy sy hand in sy baadjiesak gesit het en aan die artikel geraak het wat hom herinner het: daar is iemand wat in hom glo (nl. die skrywer van die artikel).

Jy en ek het meer as 'n joernalis wat in ons glo en ons het meer as 'n koerantuitknipsel wat ons herinner daaraan dat daar iemand is wat in ons glo.

Toe God jou en my gemaak het was dit 'n mosie van vertroue in ons! Daarom is God se vingerafdruk op ons. Elkeen van ons is so uniek en wonderlik gemaak dat ons DNA asook ons vingerafdruk verskil van alle ander mense op hierdie aardbol. Ons is deel van God se plan met hierdie wêreld.

God heg soveel waarde aan ons dat Hy Sy eie Seun gestuur het

Ons Visie: ***Deur Christus-liefde gee ons vir almal om***

om in ons plek ons sondes te dra sodat ons, as vrygemaakte mense aan ons doel kan beantwoord. Soveel glo God in ons!

As ons dink dit is wonderlik, dink weer, want God het ons selfs gekies om Sy kinders te word. Ons staan in ‘n naby-verhouding met God. Hy is ons hemelse Vader en ons is niks minder as Sy geliefde kinders nie. Nou is selfs Sy Gees woonagtig in ons, en Hy laat ons uitroep “Vader”. Ons is God se nuwe adres op aarde!

God vereer ons met talle eretitels nl beelddraers, verteenwoordigers of ambassadeurs van God, kinders van God, tempel van God, vrygemaakte, oorwinnaar, liggaam van Christus, gestuurdes of draers van goeie nuus, navolgers van Jesus, geseëndes, sout en lig vir die wêreld ensomeer. So spesiaal is ons vir Hom! God glo in jou! Hy vertrou jou en my.

God het ons kom deel maak van Sy familiekring met ‘n doel. Hy wil eerstens ons meer laat word soos Jesus ons Broer (so hoog ag Hy ons waarde, dat Hy dít met ons beoog). Verder kom vertrou Hy ons tot so ‘n mate dat Hy dit waag om aan ons die opdrag te gee om ander in hierdie wêreld met Sy liefde aan te raak. Hy maak ons Sy oë, hande en voete in hierdie wêreld. Hy vertrou die wêreld aan ons toe. Ons is in hierdie wêreld, nie om ‘n maklike of lekker lewe te hê of om vir ons self ‘n naam te maak nie, maar om die mense van hierdie wêreld iets van God te laat sien en hoor.

God vertrou ook Sy kerk of gemeente aan ons toe. God waag dit ook om Sy kerk se welsyn en groei in jou en my hande te gee (gelukkig nie net ons hande nie. Sy sterk hande is die onfeilbare hande wat ons klein feilbare handjies omvat!!). Daarom die herhaalde oproep: sien na mekaar om! God vertrou ons met Sy gemeente. Soveel vertrou God vir jou!

Kom ons wees dankbaar vir Sy vertroue in ons. Kom ons wys ons dankbaarheid deur Sy vertroue waardig te wees. Kom ons herinner onsself voortdurend hoe God oor ons dink en voel..nl HY glo in ons! As jy twyfel, neem die Bybel en lees.....jy sal hoor en sien hoeveel God jou vertrou.

As jy moeilike tye beleef waar ander jou afkraak of verkleineer of in die steek laat, onthou God glo in jou. Dit is genoeg!

Ds Leon van Heerden



BELASTING KONSULTANT

Het u rekenkundige of belasting probleme?

Verskaf ook ekstra rekeningkunde klasse
(Dosent vir 36 jaar)

Kontak vir Willie Spies by 012 331 2122

of 076 565 9413

EK WEET VERSEKER!

Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël
en sien 'n raaiselagtige beeld, maar
eendag sal ons alles sien soos dit werklik is.

1 Korintiërs 13:12

Terwyl ons "nou" in hierdie lewe is, is daar baie situasies wat ons moet deurworstel. Hoe geseënd sal ons egter nie wees as ons beide kante van sy belofte onthou nie: "nou" is 'n spieël en 'n raaisel, maar "eendag" sal ons alles weet soos dit werklik is in al die heerlikheid wat God vir sy kinders berei het.

Al is die beeld nou dof en onseker besit ons die heerlike vertroosting dat ons ons Here eendag van aangesig tot aangesig sal sien. Wanneer ons Hom só sien, sal ons ontdek en ondervind hoe dikwels sy liefde en genade ons van rampe en gevare beskerm het.

Baie dankie, Here, dat U my lewe op so
'n wonderlik wyse georden het en dat u
liefde en genade my van dag tot dag lei. Amen.

Ozrovech S. (2008) Genade vir elke Oomblik,
Christian Art Gifts RSA, bl. 18 Oktober

KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE

KITAAR: leer speel en sing heerlik saam,
Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes.
Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe.
Kom maak jou musiek-droom waar!
Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.



Kontak Kobus Nel 082 961 9425.

- - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- **5 November:** 10e maand Dandofferdiens
- **12 November:** Nagmaal om 9:00
- **19 November:** Kerssangdiens om 19:00
  (Gemeente-tee daarna)

Sien jou daar!

Wees gerus, dis is Ek. Moenie bang wees nie

Matteus 14.27

Christene behoort blymoedig en gerus te wees omdat hulle 'n lewende hoop met hulle kan saamdra waar hulle ook mag gaan.

BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING
KONTAK ERNST by 083 656 4992
www.treecarepta.co.za

Die Jeug se Lente Deurnag van 13 Oktober

'n Lekker aand van kuier, speletjies en min (geen) slaap. Ons sien al klaar uit na die volgende een.

JOU PLEKKIE IN DIE KERK

So deur die jare merk 'n mens op dat meeste kerkgangers min of meer op dieselfde plek/area in die kerk gaan sit. Party verkies die middelblok, ander bo-op die galery, of selfs die ou diakens of ouderling banke. So kan dit gebeur dat jy nie eers die ander mense herken wat elders in die kerk plek gesoek het.

Hoekom 'n mens 'n voorkeur het vir 'n sekere sitplek in die kerk kan nogal 'n interessante sielkundige studie wees. Is dit maar net uit gewoonte en omdat jy hou van roetine? Of dalk is die gekose plek gerieflik in 'n sekere opsig, soos die son skyn daar in, of jy kan vinnig uitbeweeg na die diens. Daar kan baie redes wees oor hoekom ons 'n spesifieke plek verkies.

Natuurlik is geen plek **net** "jou plekkie" nie, want alle sitplekke is vry en jy is welkom om te sit waar jy tuis voel. In Nederland is daar sekere kerke waar jy vrye stoele het en ook "gekoopte" stoele, waarvoor die lidmate jaarliks moet betaal!

Dus is ons bevoorreg om sommer enige sitplek op te neem. My wens is dan ook dat elkeen sal welkom voel in sy gekose sitplek en dalk ook jou plekkie sal benut.

Luuk Hepkema